

Hoe om aansoek te doen vir 'n stalletjie by **KKNK25** Markte.

Vul hierdie vorm volledig in.

Heg al die benodigde dokumente aan.

Of faks na
086 617 9498.

Of skandeer en e-pos aan
markte@kunste.org.za

Of pos aan
Markte Aansoek
Posbus 134
Oudtshoorn
6620

Of lewer per hand af by:
Die Neelsie
Jan van Riebeekweg 217
Oudtshoorn
6625

How to apply for a stall at **KKNK25** Market

Complete this form thoroughly.


Attach all required documentation.

Either fax to
086 617 9498.

Or scan and email to
markte@kunste.org.za

Or post to
Market Application
P.O. Box 1341
Oudtshoorn
6620

Or hand deliver to:
Die Neelsie
217 Jan van Riebeek Road
Oudtshoorn
6625

SLEGS VIR KANTOOR GEBRUIK:	DATUM ONTVANG:	KWIT. NO.:	VERW. NO.:
MARKTE AANSOEVORM SLUITINGSDATUM: 7 DESEMBER 2018 ADMIN.-FOOI BETAALBAAR R330			
Posadres Posbus 1341 Oudtshoorn 6620	Fisiese adres Die Neelsie Jan van Riebeeckweg 217 Oudtshoorn 6625	Tel: 044 203 8600 Faks: 086 617 9498 E-pos: markte@kunste.org.za adri@kunste.org.za www.kknk.co.za	 21 Maart – 27 Maart 2019
Beskrywing van stalletjies tipes	Gewone stalletjies is enige van die volgende: klerasie, bykomstighede, skoene, kuns, handgemaakte produkte, juweliersware ens. Kos- en delistalletjies is enige een van die volgende: voorbereide kos (wegneemetes) en/of vooraf voorbereide kos (lekkers, koekies, droëvrugte, ens.) en/of onverseelde voedselprodukte (biltong, roomys ens.) wil verkoop. Wyn: Alkoholiese produkte		
Kies jou stalletjie tipe:	Gewoon	Kos/Deli	Wyn
KONTAKBESONDERHEDE VAN EIENAAR			
Naam van stalletjie:			
BTW nommer:			
Posadres:			
Fisiese adres:			
Besonderhede van Kontakpersoon: (Die kontakpersoon dien as skakel tussen jou stalletjie en die KKNK en moet maklik bereikbaar en in staat wees om besluite te neem. <i>Die KKNK kommunikeer elektronies en daarom sal dit sake bespoedig as die kontakpersoon oor 'n e-posadres</i>)			
Naam:		Tel:	
Van:		Faks:	
ID-nommer / Werkspermit nommer:		Selfoon:	
E-pos:			
Die volgende is net op die wynstalletjies van toepassing gemerk met *			
*KONTAKBESONDERHEDE VAN DRANK LISENSIEHOUER (HEG ASB. 'n KOPIE VAN DIE DRANKLISENSIE AAN)			
Naam:		Tel:	
Van:		Faks:	
ID-nommer / Werkspermit nommer:		Selfoon:	
E-pos:			
PRODUKTESONDERHEDE			
Wat is jou hoofproduk wat jy verkoop:			
Verskaf 'n volledige lys van al die produkte wat jy beplan om te verkoop en lys die hoofprodukte eerste: (Bv. Juweliersware, skoene, skilderye, klerasie, leerwerk, hamburgers, roosterkoeke, gebottelde produkte, olywe, koekies, karavane, tente, merlot, chardonnay ens.)			
Slegs vir gewone stalletjie: Hoe word jou hoofproduk vervaardig:	Met die hand		In 'n fabriek
Slegs vir kos- en delistalletjie: Hoe word jou hoofproduk voorberei:	Vooraf	Gas	Oop vuur
			Ander, noem:

Watter visuele materiaal het jy by jou aansoek aangeheg:				CD		Kleurfoto's		Kleurafdrukke		
Het jy alle bewoording/logos op jou produk(te) aangeheg?				Ja			Nee			
Die visuele materiaal help ons om 'n beter idee van jou produkte te verkry. Jy kan jou visuele materiaal gedurende die fees by die Markte-kantoor afhaal of stuur 'n gefrankeerde koevert saam sodat ons dit aan jou kan terug pos.										
Indien jy al voorheen by die KKNK uitgestal het, dui die jare hieronder aan: (Dui duidelik aan)										
2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018
By watter ander feeste/markte stal jy nog uit?										
KLASSIFIKASIE VAN STALLETJIE										
Watter tipe stalletjie verkies jy? Merk jou keuse in voorkeur volgorde met 1 – 3. *Algemeen bv. juweliersware, skoene, skilderye, klerasie, leerwerk ens. Voorafvoorbereide kosse bv. gebottelde produkte, koekies, souse ens. Kos: word op die terrein voorberei bv. hamburgers, roosterkoeke, ens. Wyn verwys na enige alkoholiese produkte										
Terrein	Tipe Stalletjie	*Slegs geskik vir	Binne Feesterrein?	Elektriese kragpunt	Prys (BTW ing)	Handelsure	Grootte	Jou Keuse (NIE GEWAAR BORG)		
Feesmark	Buite vervoer stalle	<ul style="list-style-type: none"> Voertuie/plaas implemente 	Ja,	Nee	R8 900	10:00 – 18:00	12x21			
Feesmark	Tent B, C, D, E, F	<ul style="list-style-type: none"> Algemeen Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R 5 500	10:00 – 18:00	3x3			
Feesmark	Tent Hoek of Middel B, C, D, E, F PRIMA	<ul style="list-style-type: none"> Algemeen Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R 6 500	10:00 – 18:00	3x3			
Feesmark	Tent A Ingang (8 stalle) Stal nr.: 4, 7, 14, 17, 24, 27, 34, 37	<ul style="list-style-type: none"> Algemeen Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R8 000	10:00 – 18:00	3x3			
Feesmark	Tent A 8 Prima buite stalle Stal nr. 1, 10, 11, 20, 21, 30, 31, 40	<ul style="list-style-type: none"> Algemeen Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R7 000	10:00 – 18:00	3x3			
Feesmark	Tent A 24 Gewone stalle Stal nr.: 2, 3, 8, 9, 12, 13, 18, 19, 22, 23, 28, 29, 32, 33, 38, 39	<ul style="list-style-type: none"> Algemeen Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R6 000	10:00 – 18:00	3x3			
Feesmark	Buite Prima	<ul style="list-style-type: none"> Algemeen Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R 6 500	10:00 – 18:00	4x4			
Feesmark	Buite 2 x hoek stalle by hek ingang	<ul style="list-style-type: none"> Algemeen Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R7 500	10:00 – 18:00	4x4			
Vredestraat	Buite Prima By hekke ingang (4 stalle)	<ul style="list-style-type: none"> Voorafvoorbereide kosse asook vars gemaakte kos 	Ja	Ja	R 13 000	10:00 – 23:00	4x5			
Vredestraat	Buite Kos	<ul style="list-style-type: none"> Voorafvoorbereide kosse asook vars gemaakte kos 	Ja	Ja	R 12 000	10:00 – 21:00	4x5			
Liplekker tent	Binne tent Prima (2 stalle by deur)	<ul style="list-style-type: none"> Wyn Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R 7 000	10:00 – 20:00	3x3			

Liplekker tent	Binne tent	<ul style="list-style-type: none"> • Wyn • Voorafvoorbereide kosse 	Ja	Ja	R 6 000	10:00 – 20:00	3x3		
Sport Gronde	Kos stalle	<ul style="list-style-type: none"> • Voorafvoorbereide kosse asook vars gemaakte kos 	Ja	Ja	R12 000	10:00 – 22:00	4x5		
Queenslaan	Buite Gewoon	<ul style="list-style-type: none"> • Algemeen • Voorafvoorbereide kosse 	Nee	Ja	R 5 000	10:00 – 23:00	3x3		
Indien jy aansoek doen om 'n buite stalletjie, dui asb. hier vir ons duidelik aan wat is die totale grootte van jou stalletjie (afdak, sleepak, advertensie borde, aanpaskamer, ens. ingesluit) .							m (diep)		m (front)
Doen jy aansoek om 'n aaneenlopende dubbelstalletjie @ 'n premie van R500?						Ja		Nee	
Gaan jy persoonlik jou stalletjie beman tydens die KKNK 2019?						Ja		Nee	
Indien Nee, verskaf asb. die volgende besonderhede van die persoon wat jou stalletjie gaan beman:									
Naam:									
Van:									
Selfoon:									
ADDISIONELE DIENSTE BENODIG									
Onthou stalletjies waar aangedui het alreeds 'n kragpunt. Hierdie kragpunt is slegs vir die gebruik van 'n lig, waaier en kaartmasjien. Indien jy enige addisionele elektriese apparate gaan gebruik, sal jy addisionele elektrisiteit benodig, wat vir jou rekening geïnstalleer sal word. Dui asb. hier aan watter addisionele apparate jy gaan gebruik, bv. ketel.									
HANDELSRUIMTES BUIE KKNK GESAG									
Benut jy enige handelsruimte wat jy van 'n ander party as die KKNK bekom het?						Ja		Nee	
Indien Ja, verskaf asb. besonderhede oor aantal en ligging:									
ONDERNEMING									
Alle aansoekers moet die aansoekvorm onderteken en elke blads parafeer. Vorms wat nie onderteken en geparafeer is, kan nie vir keuring oorweeg word nie. Ek verklaar dat alle inligting soos hierbo verstrek, juis en korrek is. Ek onderneem om alle vereiste sertifikate, betalingsbewyse vir die adminfooi, afdruk van my ID, bewys van adres en foto's/kleurafdrukke/CD saam met my ondertekende aansoek in te dien. Indien my aansoek suksesvol is, onderneem ek ook om my stalletjehuur en die koste van addisionele dienste te betaal en die bewys daarvan aan die Verkoopskoördineerder by 086 617 9498 te faks. Ek onderneem om die 50% van my stalletjiekoste teen 4 Januarie 2019 te betaal en die balans teen 31 Januarie 2019. Deur die ondertekening hiervan bevestig ek dat ek behoorlik gemagtig en gevolmag is om die aansoekvorm te teken. Ek, die ondergetekende, verbind myself as borg en medehoofskuldenaar ten opsigte van die nakoming van die verpligtinge hierin. Ek stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof Oudtshoorn vir enige regsgeding wat hieruit mag voortspruit.									
HANDTEKENING			NAAM EN VAN IN DRUKSKRIF			DATUM			

TERME EN VOORWAARDES

AANSOEKE

- Lees alle inligting sorgvuldig deur en onderteken die aansoekvorm op elke bladsy. Sonder 'n handtekening op elke bladsy, sal jou aansoek as onvolledig beskou word.
- Maak 'n afskrif van jou voltooide vorm vir jou eie gebruik.
- Dien jou aansoek betyds in voor of op die sluitingsdatum op **7 Desember 2018**.
- **1 aansoek verteenwoordig 1 stalletjie of aaneenlopende dubbelstalletjie. 2 aansoeke moet dus ingedien word vir 2 aparte stalletjies.**
- 'n Nie-terugbetaalbare adminfooi van **R330** (BTW ingesluit) word per aansoek gehef om die administratiewe koste verbonde aan die verwerking en keuring van aansoeke te dek. **LET WEL:** Geen aansoek sal verwerk word indien die administrasiefooi nie saam met die in-dien van die aansoekvorm betaal word nie.
- Aansoeke **na die sluitingsdatum van 7 Desember 2018** ontvang, word verwerk na ontvangs van die R330 adminfooi en indien gekeur, geplaas volgens beskikbare spasie.
- **'n Maksimum van 3 stalletjies sal per eienaar toegeken word.**

Heg aan by jou aansoek:

Markte:

- Afskrif van jou identiteitsdokument of geldige werkspermit (indien nie 'n SA burger nie). **NB - Gebruik die stalnaam as die bank verwysing**
- Bewys van adres, bv. Munisipale rekening, klere rekening ens.
- Voldoende visuele materiaal, vir keuringsdoeleindes bv. foto's, CD en kleurafdrukke moet die aansoek vergesel (ook indien u reeds voorheen by KKNK uitgestal het).
- Bewys van adminfooi (**R330**) wat betaal is. Geen tjeks word aanvaar nie. **Stal naam moet as verwysing gebruik word.**
- Geldige SAMRO-lisensie (waar van toepassing).
- Kopie van Tweedehandse Handelaar sertifikaat waar van toepassing*

Kos en deli:

- Bogenoemde sowel as die volgende:
- Afskrif van 'n geldige geskiktheidssertifikaat vir voedsel van jou **eie munisipaliteit**.
- Kopie van 'n geldige gassertifikaat waar van toepassing.

Wyn:

- Afskrif van 'n geldige dranklisensie

*Tweedehandse Handelaars moet aansoek doen vir 'n tydelike tweedehandse sertifikaat (SAPS601(D)) vir die

KKNK. Enige navrae kontak asb. WO DW. Beer by 044 203 9199.

TERREINE

Die KKNK bied uitstalruimtes op 'n keuse van terreine aan:

- in die Kuierbuurt ('n geslote terrein met musiekverhoë, kroeeë, sitplek en speelgeriewe) in tente of buite. Feesgangers betaal 'n toegangsfooi tot hierdie terrein in die vorm van 'n dagkaartjie of 'n feeskaartjie.
- Buite die geslote terrein in oop stalletjies in die Queenslaan.

PRODUKTE

Jy moet jou hoof en sekondêre produkte duidelik aandui. Jou hoofprodukt mag onder geen omstandighede verander word nie en jy mag ook nie produkte verkoop wat nie op jou aansoekvorm aangedui is nie. Om produkte by te voeg, moet jy skriftelik by die KKNK aansoek doen om goedkeuring. Alle bewoording en ontwerpe op produkte moet aan die KKNK Keurkomitee verklaar word. Hou in gedagte dat die KKNK nie enige produkte met smaaklose, platvloerse, rassistiese, seksistiese of xenofobiese boodskappe sal duld nie. Die KKNK behou die reg voor om produkte/bewoording wat nie goedgekeur is nie, aan verkope te onttrek en te konfiskeer tot na afloop van die fees. Alle produkte en die aanbieding daarvan moet van hoogstaande gehalte wees.

Handelsbeperking

Die KKNK sluit handelsooreenkomste met spesifieke maatskappye vir die reg om spesifieke produkte binne die Feesdistrik te verskaf en/of te verkoop. Produkte wat hierdeur geraak word, sluit in: alkoholiese produkte, koeldrank, water, energie-drinkies, ys, brood, gas, ens. Stalletjiehouers moet van hierdie verskaffers gebruik maak, omdat dit die druk op verkeer binne die Feesdistrik verlig en algemene logistiek vergemaklik. Hou ook ingedagte dat tensy jy uitdruklike toestemming ontvang om enige van hierdie produkte te verkoop, kan jy nie aanneem dat jy dit mag doen nie. Indien toestemming aan jou verleen word, sal die reëls en regulasies aan jou deurgegee word en sal daar van jou verwag word om dit noukeurig na te volg.

Die KKNK is in 'n borgskap betrokke met 'n wyn produsent en deel van die borgskap ooreenkoms is dat slegs hul wyne op die res van die terrein genuttig mag word. Wynstalletjies se wyne sal in die wyn area gebruik kan word en slegs verseelde bottels sal van die perseel verwyder kan word.

Die KKNK volg 'n deursigtige proses in die sluit van handelsooreenkomste met verskaffers en moontlike verskaffers is welkom om navrae te rig aan die Verkoopskoördineerder van die KKNK by: adri@kunste.org.za

KEURING

Hierdie aansoek is onderhewig aan goedkeuring. Keuring is nodig omdat meer aansoeke as beskikbare stalletjies ontvang word. **Die organiseerders oorweeg alle aansoeke aan die hand van vooraf-neergelegde norme en besluite mag verskil van vorige jare.** Alle beslissings is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.

Norme vir keuring van aansoek:

- Adminfooi betaal en aansoek volledig? Is alle nodige dokumentasie aangeheg by die aansoek? (indien nie sal aansoek afgekeur word)
- Komplimenteer die produkte die beeld van die KKNK?
- Word daar op 'n produk eerder as 'n stalletjiehouer gefokus?
- Is die produkte handgemaak of uniek en hoeveel oorfleueling is daar met ander aansoeke?
- Is jou produk 'n produk wat in massa vervaardig word en algemeen in winkels beskikbaar is?
- Is die produkte en infrastruktuur van goeie gehalte?
- Is daar 'n aanvraag na die produk?
- Aantal stalletjies benodig en grootte daarvan?
- Het die aansoeker 'n goeie betaal rekord by die KKNK en ander feeste?
- Is die aansoeker 'n nuwe entrepreneur?
- Doen die aansoeker net met die KKNK besigheid vir die duur van die fees?
- Toon die aansoeker, indien hy in vorige jare by die KKNK uitgestal het, respek vir die algemene reëls, gedragskode en verantwoordelikhede?
- Word die stalletjie aangewend as fondsinsamelingsgeleentheid vir 'n plaaslike geregistreerde instansie?
- Kom die aansoeker van Groter Oudtshoorn?

Verwittiging

Die uitslag van keuring word vanaf **13 Desember 2018** bekendgemaak met elektroniese kommunikasie (e-pos, faks of SMS). Indien jy teen **10 Januarie 2019** nog nie van die KKNK gehoor het nie, kan jy aanvaar dat jy nie gekeur is nie.

STALLETJIEHUUR

Stalletjiehuur is vir die duur van die fees en pryse sluit BTW in. 'n Elektrisiteitspunt word ingesluit by die koste, soos aangedui. Die elketrisiteitspunt is net vir kredietkaartmasjien, waaier en selfoon laaiers. Indien meer krag benodig – dui so aan op die aansoekvorm.

Terreinkaarte en Plasing

Terreinkaarte is beskikbaar op www.kknk.co.za. Die KKNK sal poog om plasing te doen, soos versoek, maar kan dit nie waarborg nie. **Plasings is in die uitsluitlike diskresie van die KKNK.**

Verskuiwing van stalletjies

Geen verskuiwing van stalletjies word toegelaat nie. Stalletjies mag ook nie die hoek waarteen hulle geplaas word verander van dit wat op die terreinkaart aangedui word nie.

Dubbelstalletjies

Indien jy aansoek doen vir 'n aaneenlopende dubbelstalletjie, hou in gedagte dat 'n bykomende fooi van **R500** betaalbaar is.

Infrastruktuur van stalletjies

Stalletjies in tente word van mekaar geskei deur 'n raamwerk van 32mm staalpype. Die konstruksie is ± 2 m hoog en het geen dwarspype of grondbedekking nie. Afskortings is jou eie verantwoordelikheid. Die raamwerk kan ongeveer 50kg dra.

Die KKNK voorsien slegs uitstalruimte aan buite- en wynstalletjies en nie enige infrastruktuur nie. Eie skaduwee moet vir alle buitestalletjies en op alle oop ruimtes buite die tente voorsien word. Jou infrastruktuur moet netjies, skoon en in 'n goeie toestand wees. Waentjies moet deel van stalletjies wees of verwyder word, na 'n veilige parkeerarea. **Geen waentjies mag in die oop ruimtes tussen tente gestoor word nie.**

Indien 'n stalletjiehouer enige skade aan eiendom of infrastruktuur deur die KKNK verskaf aanrig sal die stalletjiehouer verantwoordelik wees vir die totale vervangingskoste daarvan. Die KKNK sal 'n faktuur aan die stalletjiehouer uitreik wat binne 30 dae na uitreikings datum betaal moet word.

Grootte van stalletjies

Die presiese grootte van stalletjie word in die meegaande tabel aangewys. Jou stalletjieruimte moet jou tentpenne en/of konstruksie (waentjie/woonwa-haak) asook jou naamborde insluit. Buitestalletjies moet hulle presiese grootte aandui. Neem kennis, dat die verkeerde beskrywing of grootte van jou stalletjie nie die KKNK se verantwoordelikheid sal wees om reg te stel en jy sal nie geskuif word nie. Indien jou stalletjie groter is as die voorgeskrewe grootte soos genoem sal die KKNK besluit hoeveel stalletjies jy moet neem om jou te akkomodeer. Jy mag slegs handeldryf binne jou stalletjiespasie.

HANDELSURE

Stalletjies moet vir die volle feestydperk (**21 Mrt. – 27 Mrt. 2019**) bedryf word. Handelsure van stalletjies in die Kuierbuurt is van **10:00 tot 18:00**. Wees dus voorbereid om reeds om teen **10:00** gereed te wees vir verkope en om handel te dryf tot **18:00**. Aflewering word daaglik tussen **08:00 en 09:30** toegelaat. Geen voertuie word binne die geslote mark toegelaat tussen **10:00 en 18:00** nie. Stalletjies word opgepak tussen **18:00 en 19:00**, waarna die terrein sluit en 'n ontoeganklike sekuriteitsarea word. By alle ander markte word daaglik van **10:00** tot laat handel gedryf. In Queenslaan is die handelsure van **10:00 tot 22:00** waarna dit sluit en 'n ontoeganklike sekuriteitsarea word. Liplekker se handelsure is van **10:00 tot 20:00**.

SKADE EN EISE

Alle stalletjies moet opgepak word na handelsure. Alle voorraad word op eie risiko in stalletjies gelos. Die KKNK sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies aan/of beskadiging van goedery gely deur enige uitstaller as gevolg van welke rede ook al nie.

ALGEMENE REËLS, GEDRAGSKODE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Stalletjehouers moet asseblief toesien dat alle personeel wat by die stalletjie werksaam gaan wees, vertrouwd sal wees met die algemene reëls en regulasies vir die stalletjehouers en daarby hou.

Die KKNK behou die reg voor om 'n stalletjehouer te weerhou om 'n stalletjie te beset, te verwyder of te laat verwyder, wanneer 'n stalletjehouer in stryd is of nie voldoen aan die regulasies, insluitend, waar 'n stalletjehouer:

- Hom skuldig maak aan wangedrag.
- Se gedrag steurend vir ander stalletjehouers of die publiek is. Steurende gedrag sluit die luide verbale advertering van produkte of die speel van harde musiek in. Stalletjies word meestal in klank sensitiewe areas geplaas en voorgeskrewe klankvlakke moet streng gehandhaaf word.
- Geen diere word toegelaat nie.
- Drank in sy stalletjie het sonder toestemming vanaf die KKNK.
- Se eie infrastruktuur nie voldoen aan die standaard gestel deur die KKNK nie.
- Versuim om 'n brandblusser (waar van toepassing) in 'n diensbare toestand te verskaf.
- By enige stalletjie of op enige plek op die feesterrein oornag.
- Se uitstalruimte vuil en/of onnet is. Stalletjehouers moet hul afval in swart sakke plaas en na die vullis bakke neem. Jou samewerking hiermee sal die druk op

vullisverwydering verlig. Vullisdromme is vir die gebruik van die feesgangers.

- Sonder toestemming met produkte rondswerf (*roam*).
- Binne 'n tent of buite die loopareas met produkte of uitstalmateriaal versper.
- Sy stalletjieruimte onderverhuur. Stalletjies mag nie gedeel word tussen 2 of meer uitstallers, indien dit nie deur die KKNK goedgekeur is nie.
- Nog gelde verskuldig is aan die KKNK.
- Nie by die reëls van die opslaan van die stalletjie hou nie.
- Nie by die handelsure hou nie.
- Enige kriminele oortreding begaan.
- Om geen ontwerpe op enige produk te verkoop wat deur die KKNK afgekeur is nie en om ook nie die logo van die KKNK asook die woord Oudtshoorn en/of kunstefees en/of Fees op enige van my produkte te gebruik sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van die KKNK nie.

Die KKNK bring die volgende regulasies onder stalletjehouers se aandag. Stalletjehouers wat dit oortree, kan in die toekoms in keuring gepenaliseer word:

- Die afkyk van ander uitstallers se idees is in stryd met kreatiewe kopiereg en is nie in die goeie gees van die KKNK nie.
- Die KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid vir produkte wat nie verkoop nie en gee geen waarborg daarvoor nie.
- Die KKNK waarborg nie die eksklusiwiteit van produkte, anders as wat hierbo onder **Handelsbeperking** genoem word, nie.
- Die KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid vir die handhawing van konsessieregte tussen uitstallers nie.
- Die KKNK gee geen waarborg dat die aansoeker indien suksesvol, weer op dieselfde plek as vorige jare geplaas sal word nie. Suksesvolle aansoekers onderneem en bevestig verder dat hulle tevrede sal wees met die ligging soos van tyd tot tyd deur die KKNK aan suksesvolle aansoekers toegestaan word.
- Stalletjehouers wat voortydig op pak, is nie geregtig op enige terugbetaling nie en sal ook nie weer vir deelname gekeur word nie.
- Rook word nie toegelaat op die feesterrein nie, behalwe in areas wat spesifiek daarvoor ingerig word.
- Geen vorm van vuur (bv. blaasvlam) word in enige tent toegelaat nie.
- Stalletjies mag nie enige nagmaakte produkte of items verkoop sonder skriftelike toestemming van die wettige handelsmerkhouer nie. Bv. Nike, Adidas, ens.
- Enige stalletjie wat musiek verkoop of gaan speel by hulle stalletjie moet by SAMRO geregistreer wees. Reëlins vir 'n lisensie moet direk met SAMRO getref word. Heg 'n afskrif van die lisensie by jou aansoek aan.

- Dit is onwettig om drank aan persone jonger as 18 jaar te verkoop, stalletjies wat hulle skuldig maak daaraan sal toegemaak word.

Higiëne Riglyne Vir Kos en Delistalletjies

- Alle kosstalletjie eienaars moet in besit wees van 'n geskikheidsertifikaat uitgereik ingevolge R723 van 12 July 2002.
- Die geskikheidsertifikaat moet ten alle tye by kosstalletjie vertoon word.
- Alle voedsel hanteerders moet voldoende opgelei wees in veilige en higiëniese hantering van voedsel.
- Alle voedsel hanteerders moet voldoende oorklere en hoofbedekkings dra.
- Koue voedsel moet onder 5 °C gehou word en warm voedsel moet bokant 65 °C gehou word.
- Alle werk oppervlaktes moet van gladde, roesvrye, af wasbare materiaal vervaardig wees.
- Voedsel wat uitgestal word moet voldoende beskerm word teen besoedeling/kontaminasie.
- Daar mag nie in die kosstalletjie gerook word nie.
- 'n Houer met skoon water en seep moet beskikbaar wees vir die was van hande
- Geskikte vullishouer met dig sluitende deksel moet in stalletjie gehou word.
- In die geval van stowwerige oppervlaktes moet die vloer met 'n skoonmaakbare grondseil bedek word.
- Alle voorafverpakte voedsel moet voldoende geëtiketteer wees. (Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, Wet 54 van 1972).
- Voorsiening moet gemaak word om gryswater op te berg totdat dit op 'n gesondheid veilige wyse verwyder kan word.
- Die stalletjies waar voedsel hanteer word moet ten alle tye in 'n netjiese en higiëniese toestand gehou word.
- Alle voedsel wat ingevoer, vervaardig vir verkoop, aangebied of verkoop word, moet in lyn met wetgewing van 'n etiket voorsien wees (sien webadres vir die riglyne) www.kknk.co.za

Aanmeld van probleme

Meld enige probleme by die Kunsmark by die Markte kantoor aan. Die kantoor is in direkte radioverbinding met alle ondersteuningsdienste en kan al jou probleme aanspreek. Op alle ander terreine moet jy probleme aanmeld by die toepaslike Terreinbestuurder, wat deurentyd op jou terrein beskikbaar sal wees. Indien jou probleem nie bevredigend hanteer word nie, kan jy die Verkoopskoördineerder kontak.

Komplimente en klagtes

Die KKNK waardeer terugvoer en jy is ook welkom om enige komplimente of klagtes deur te gee aan die

Verkoopskoördineerder. Alle terugvoer word vertroulik hanteer.

Borgskappe

Navrae oor meer omvangryke pakkette bemarkingsregte kan gerig word aan die Waarnemende CEO van die KKNK by: hugo@kunste.org.za

Derde Party

Stalletjiehouers se kontak besonderhede kan aan 'n derde party (bv. verskaffers van elektrisiteit, verpakking en varsprodukte) beskikbaar gestel word.

ELEKTRISITEIT

'n Kragpunt word voorsien aan stalletjies waar aangedui. Hierdie kragpunt is slegs vir die gebruik van 'n lig, waaier en kaartmasjien. Indien jy enige ander elektriese apparaat (bv. ketel, stoof, ens.) gaan gebruik moet jy dit op die aansoek aandui en jy sal 'n addisionele kragpunt daarvoor benodig. Hierdie addisionele kragpunt is bykomend vir jou rekening.

Die koste om 'n addisionele of elektriese punt te installeer, op terreine waar dit beskikbaar is, is:

15 Amp: R600; 20 Amp: R775; 3-fase: R3500;

Alle 3-fase kragpunte sal gemeet word teen die huidige munisipale tarief en sal verhaal word van die deposito wat jy vir verbruik betaal. Indien daar 'n balans oor is op jou deposito sal dit aan jou terug betaal word na afloop van die fees. Indien jou verbruik meer is, sal jy 'n bykomende rekening ontvang. Op ander terreine is jy welkom om 'n privaat kontrakteur opdrag te gee om 'n plan te maak om elektrisiteit aan jou te voorsien. Die gebruik van kragopwekkers sal slegs oorweeg word in areas waar geen kragvoorsiening is nie en indien die versoek skriftelik met die KKNK uitgeklaar is. Jy moet jou eie verlengingskooorde en elektriese bybehore, wat in goeie werkende toestand moet wees, voorsien. Dit is jou verantwoordelikheid om akkuraat aan te dui hoeveel kragpunte jy benodig. Jy moet verder verseker en stiptelik let op die kragbehoefte van die toerusting wat jy gaan gebruik. Die KKNK sal streng optree teen diegene wat met 15 Amp werk i.p.v. 3-fase. In so 'n geval sal jy self met 'n elektrisiën moet reël om op eie koste die nodige opgradering te doen. Die pryse in hierdie aansoekvorm genoem sal dan nie meer van toepassing wees nie. Indien jy sou voortgaan om die voorwaardes te verbreek/oortree behou die KKNK die reg voor om jou stalletjie sonder versuim te sluit.

LET WEL: Indien jy die oorsaak is dat 'n elektriese kontrakteur uitgeroep moet word, sal jy vir die koste van R500 per uitroep verantwoordelik wees.

SEKURITEIT

Alhoewel die KKNK 'n sekuriteitsfirma huur om vir die duur van die fees 'n sekuriteitsdiens te lewer, aanvaar die KKNK

Bestuur geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese as gevolg van diefstal nie. Basiese sekuriteit word verskaf om die veiligheid van stalletjiehouers, feesgangers en kontrakteurs te verseker. Dit is egter nog steeds die verantwoordelikheid van stalletjiehouers om hulle eiendom en inhoud van hulle stalletjie te verseker. Alle stalletjiehouers word versoek om vir die duur van die fees sekuriteitsbewus te wees en om hulle personeel wat diens doen by die hulle stalletjies, dienooreekomstig in te lig. Stalletjies op dié areas moet elke aand opgepak word. Indien jy nie jou stalletjie wil oppak nie, moet jy van die fees se amptelike sekuriteit gebruik maak. Vir 'n kwotasie en verdere navraag, kontak ons Logistieke departement by tel: 044 203 8600 of logistiek@kunste.org.za

TOEGANG VIR STALLETJIEHOERS

Stalletjiehouers binne die Feesterrein sal 2 toegangsbandjies ontvang met registrasie. Ekstra bandjies kan teen die normale prys aangekoop word. Stalletjiehouers buite die Feesterrein is welkom om vir hulle bandjies aan te skaf teen die normale prys om toegang tot die Feesterrein te verkry.

Parkering

Ingesluit by jou stalletjiekoste is die gebruik van 'n onbespreekte parkeerplek. Geen parkering word binne die geslote terreine toegelaat nie.

REGISTRASIE

Registrasie proses

Registrasie sal plaasvind op die **19 en 20 Mrt. 2018** tussen **09:00 en 18:00**, besonderhede van die venue sal nader aan die tyd gegee word. Jy het tyd tot **20 Mrt. 2018 19:00** om op te slaan, waarna die gebied 'n sekuriteitsgebied raak en ontruim moet wees. By registrasie word 2 x Feesterrein toegangsbandjies (indien jou stalletjie binne die Feesterrein is), 'n aflewingsplakker vir 1 voertuig, 'n parkeerpermit vir 1 voertuig en jou amptelike stalletjiepermit uitgereik. Die stalletjiepermit bevat jou staanpleknommer en 'n lys van die produkte wat jy mag verkoop. Vertoon asb. jou stalletjiepermit te alle tye sigbaar in jou stalletjie. Indien jy nie registreer in die tydperk soos aangedui nie, verbeur jy jou gelde en stalletjieruimte(s), wat weer deur die KKNK verhuur sal word.

Terme en voorwaardes

Alle stalletjiehouers moet 'n regsdocument met die terme en voorwaardes tydens registrasie onderteken en inhandig.

BETALINGS

Slegs betalings per direkte bankdeposito word aanvaar. Moet geen tjeks of kontant by jou aansoek insluit

nie. Sluit wel 'n kopie van jou betaalbewys vir jou registrasiefooi in. Gebruik jou stalnaam as verwysing.

Bankbesonderhede

Alle verskuldigde gelde moet direk in die volgende bankrekening gedeponeer word: **Bank:** Absa; **Rekeningnaam:** Kunste Onbeperk; **Rekening #:** 406 333 5414; **Takkode:** 632 005; **Verwysing:** Jou stalletjienaam.

Betaling van stalletjiekoste en elektrisiteit

'n 50% betaling van stalletjiekoste word vereis teen **4 Januarie 2019** en die laaste betaling teen **31 Januarie 2019**. Jy sal betyds 'n betalingsadvies van die KKNK ontvang en die verwysingsnommer wat daarop verskyn, moet op die depositostrokke aangebring word. Betaalbewyse moet gefaks of ge-epos word na **086 617 9498 / adri@kunste.org.za**, vir die aandag van die Verkoopskoördineerder.

Laat betalings

Alle stalletjiehouers wat nie die 50% betaling voor of op die sperdatum van **4 Januarie 2019** betaal het nie, se stalletjiespasia sal aan die volgende aansoeker beskikbaar gestel word.

Kansellasiefooi

Indien jy jou stalletjiehuur en elektrisiteit betaal het en binne 60 dae voor die aanvang van die fees (**19 Jan. 2019**) kanselleer, word 'n kansellasiefooi van **50%** van die totale bedrag plus BTW teruggehou. Indien jy binne 30 dae voor die aanvang van die fees (**18 Feb. 2019**) kanselleer, word alle gelde verbeur. **Versoeke om kansellasië moet skriftelik aan die Verkoopskoördineerder voorgelê word, vir 'n beslissing deur KKNK Bestuur.**

Inbetalings deur onsuksesvolle aansoekers

Indien jou aansoek afgekeur word, moet jy onder geen omstandighede geld inbetaal nie – so 'n inbetaling verhoog nie jou kans op 'n stalletjie nie. Terugbetaling sal slegs op skriftelike versoek gedoen word, 30 dae nadat die skriftelike versoek ontvang is en nadat 'n adminfooi van 20% plus BTW van die bedrag verhaal is.

Eise vir terugbetaling van gelde

Enige gelde wat te veel inbetaal is en terugbetaal moet word om watter rede oorkal, sal slegs geskied op 'n skriftelike versoek. 'n Adminfooi van 20% sal gehêf word. Die gelde moet binne twee maande na afloop van die fees aangevra word andersins sal gelde aan liefdadigheid geskenk word.

REIS EN VERBLYF

Neem asb. kennis dat geen persoon toegelaat sal word om by enige stalletjie op enige terrein te oornag nie. **LET WEL:** Hierdie reël sal streng toegepas word. Oortreders

sal van die perseel verwyder word. Stalletjiehouers is vir hul eie reis- en verblyfreëlings verantwoordelik. Rig navrae aan: verblyf@kunste.org.za of tel 044 203 8600. Vir jou gerief sluit ons 'n verblyfbesprekingsvorm hierby in. Verblyf is **vyf dae** na bespreking ten volle betaalbaar, maar sal volledig terugbetaal word indien jou aansoek onsuksesvol is.

FINANSIES EN PERSONEEL

Krediet- en Debietkaartfasiliteit

Indien jy belangstel om 'n krediet- of debietkaartmasjien te bekom, kan jy dit direk by Theodora Moulotas van Absa by tel. 071 493 3690 of 044 803 3096 of e-pos Theodora.moulotas@absa.co.za bestel. Die sperdatum vir bestellings is **15 Feb. 2019**.

Personeel

Die KKNK het 'n personeel databasis wat tot die beskikking van stalletjiehouers gestel word. Hierdie databasis bevat aansoeke ontvang in die aanloop tot die 2019-fee. **LET WEL:** Die KKNK kan jou net help met name en kontakbesonderhede van moontlike personeel. Jy bly self verantwoordelik vir hul aanstelling en betaling, sowel as die nakoming van die bepalings in die Arbeidswet. Die KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid en/of eise wat hieruit mag voortspruit nie. Rig navrae aan KKNK kantore by tel: 044 203 8600 of info@kunste.org.za.

Domicilium citandi

Jy, as aansoeker, kies hiermee as jou domicilium adres die fisiese adres soos aangedui op die aansoekvorm. Hierdie adres kan gebruik word vir die betekening van alle prosesstukke en kennisgewings.

KONTROLELYS (VIR JOU EIE GEBRUIK) Maak seker dat al die nodige dokumente aangeheg is.	
Is jou aansoek volledig voltooi en onderteken? (Maak seker jy het ook elke bladsy geparafeer)	
Indien jy aansoek doen vir nog 'n aparte stalletjie, het jy aparte aansoekvorm voltooi?	
Het jy jou adminfooi van R330 betaal en is jou bewys van betaling aangeheg?	
Het jy visuele materiaal van jou produkte en stalletjie ingesluit, al het jy voorheen uitgestal?	
Is alle bewoording (slagspreuke) en ontwerpe wat jy op jou produk gaan gebruik, aangeheg?	
Het jy bewys van adres ingesluit?	
Het jy 'n afskrif van jou ID-dokument of werkspermit ingesluit?	
Is jou geldige geskiktheidssertifikaat vir voedsel ingesluit?	
Het jy 'n afskrif gemaak van die aansoekvorm vir jou eie gebruik?	
ADRES VIR AFLEWERING	NAVRAE
Geen gefaksde aansoekvorms sal oorweeg word nie. Jy kan ook aanlyn aansoek doen by www.kknk.co.za . Pos, koerier of e-pos jou aansoekvorm na:	
Pos KKNK Markte Posbus 1341 Oudtshoorn 6620 adri@kunste.org.za	Koerier KKNK Markte Die Neelsie Jan van Riebeeckweg 217 Oudtshoorn markte@kunste.org.za
Rig jou navrae gedurende kantoorure aan: <p style="text-align: center;">Adri Odendaal Verkoopskoördineerder Tel: 044 203 8613 Faks: 086 617 9498 E-pos: adri@kunste.org.za</p>	
Terreinplanne is beskikbaar op www.kknk.co.za	

21-27 MAART 2019

Naam en Van					
Naam van stalletjie					
Posadres					
Telefoon (Bedags)					
Telefoon (Saans)					
Selfoon nr					
Faks nr					
E-pos					
ID nr					
Datum van aankoms					
Datum van vertrek					
Aantal nagte					
Aantal persone	Pare		Enkel		Totaal
Tipe Verblyf verlang	Stalletjiehouer kampering naby stalletjies	Koshuis	Skoolveld kampering	Privaat huis	Privaat kamer in huis
Keuse 1					
Keuse 2					

Tel nr: 044 203 8600

Faks nr: 086 617 9498

E-pos: markte@kunste.org.za